CAPE TOWN HOLOCAUST & GENOCIDE CENTRE

# Graad 9

**Die Cape Town Holocaust & Genocide Centre bied met graagte agt (8) les-eenhede aan wat die Graad 9 KABV (CAPS) leerplan dek:**

***Die mislukking van die Weimar Republiek ; die opkoms van Nazi-Duitsland; die aanvang van die Tweede Wêreld-oorlog; mense se ondervindinge en weerstand***

**Eenheid 7**

- Die Holocaust : Einsatzgruppen, Doodskampe
- Die einde van die Tweede Wêreld-oorlog

***Teen die einde van die eenheid behoort die leerlinge bekend te wees met:***

1. Die verskille tussen arbeidskampe en doodskampe
2. Die Universele Verklaring van Menseregte

## 22 Junie 1941

Onder die kodenaam

**"Operasie Barbarossa"**

**val Nazi-Duitsland die Sowjet-unie binne. Dit was die grootste militêre operasie van die Tweede Wêreld-oorlog.**

**Die Nazi's besluit om nie meer die Joodse gemeenskappe in ghetto's te plaas nie.**

In die voorafgaande eenheid leer ons hoe die Nazi's die ghetto's gebruik om die Joodse mense in die verowerde gebiede te skei, te isoleer en te verneder.

Hierdie eenheid dek die doodskampe en die volksmoord van die Jode. Ons het geleer van die Nazi's se binnelandse beleid en hoe hulle mense wat volgens hulle minderwaardig was, behandel het. Hulle buitelandse beleid is ook gedek : insluiting, dominasie en kolonisasie van ander lande.

In 1941val Nazi-Duitsland die Sowjet-unie binne en verbreek sodoende hul Nie-Aanvalsverdrag. Hulle besluit om nie meer die Jode in die verowerde gebiede in ghetto's te plaas nie. Die Nazi's besluit om elke Joodse man, vrou en kind te vermoor.

# Einsatzgruppen – Mobiele Moordspanne



Die mobiele moordspanne was beveel om die Jode in die verowerde gebiede te vermoor.

Die moordspanne het die weermag gevolg en in al die dorpe en stede in die verowerde gebiede het hulle die Jode aangekeer.

Van 1941 tot 1942 is die Jode uit hulle wonings gedryf, na die omringende woude vervoer, doodgeskiet en in voorbereide massa-grafte begrawe.


Alhoewel dit 'n Nazi-onderneming was, is hierdie moordspanne entoesiasties bygestaan deur die plaaslike bevolking.

Bykans 'n derde van die Joodse bevolking in Europa is in die proses vermoor.

Die Nazis het egter gedink dat hierdie proses nie effektief genoeg was nie. Volgens hulle was dit te duur- een koeël per person – maar dit het ook 'n traumatiese impak op die moordspanne gehad.

## WANNSEE – KONFERENSIE

- In Januarie 1942 is daar 'n byeenkoms van die Nazi-offisiere om die ''finale oplossing van die Joodse vraagstuk'' te bespreek en te beplan. Dit vind plaas in die Berlynse voorstad, Wannsee
- Dit staan bekend as die Wannsee-konferensie
- Gedurende hierdie vergadering bespreek en beplan die Nazi's 'n meer effektiewe metode om ontslae te raak van elke Joodse man, vrou en kind in Europa
- **Hulle besluit om 6 doodskampe in Pole te bou en al die Joodse gemeenskappe na die kampe te vervoer en te vermoor**





- Al hierdie doodskampe was in Pole gebou

***Let op dat die Nazi's die kampe as ''uitwissingskampe'' beskryf. Die woord ''uitwissing'' is van toepassing op diere en insekte, bv. rotte en kakkerlakke. Die Nazi's gebruik hierdie term om hul verder te verontmenslik. Hulle het mense in die kampe vermoor, nie insekte of diere nie. Geskiedkundiges verwys na hierdie kampe as moordsentrums of doodskampe.***

- Die slagoffers was na **Chelmno, Treblinka, Sobibor en Belzec** gestuur, waar daar byna geen kans van oorlewing was nie

- Diegene wat na **Majdanek of Auschwitz** gestuur was het ten minste kans gestaan om te oorleef, aangesien die kampe gedien het as doodskampe en arbeidskampe



1

Spoorweë en spoorwegstasies is regoor Europa aangelê en gebou. In elke verowerde land het hulle deportasie-sentrums gestig. Die Joodse gemeenskappe is na die sentrums geneem en dan per trein na die doodskampe vervoer. Die Nazi's het 'n spul leuens aan die Joodse gemeenskappe vertel. Die Jode was valslik ingelig dat hulle hervestig sou word in die ooste en dat hulle al hul besittings moes pak. Die inwoners van die ghetto het geglo dat hulle nou 'n nuwe lewe sou begin.


In **Beeld 1** kan ons sien dat elkeen 'n armband met die Ster van Dawid gedra het. Die kinders is opgewonde oor die opkomende reis, maar die volwassene is duidelik moeg , alhoewel hulle gereed is vir 'n nuwe begin. Hulle word nou beveel om in vee-waens te klim **(Beeld 2)**, sonder vensters, geen sitplekke en slegs spasie om te staan.

Tussen 75 tot 100 was in hierdie waens gedruk, met slegs 'n emmer water en 'n emmer vir sanitasie. Van hierdie reise het dae geneem en baie van die passasiers is langs die pad oorlede.

**Beeld 1**



**Beeld 2**



**Beeld 1**




**Beeld 2**



**Beeld 3**



Auschwitz (**Beeld 1**): die mees berugte konsentrasie-kamp

Met hul aankoms by die kamp het die Nazi's die mans en vrouens geskei. Die rede aangevoer vir die skeiding was dat hulle moes gaan stort en mans en vrouens nie saam kon stort nie.

Hier was families vir die eerste keer vanmekaar geskei, en in baie gevalle was dit die laaste keer wat familie-lede ( broers, susters, moeders, vaders) mekaar gesien het.

Na hierdie skeiding het daar verdere seleksies plaasgevind. Die Nazi's het mense aanskou en besluit wie sou leef en wie sou sterf.

Alle bejaardes en baie jong kinders **( Beeld 2)** is onmiddellik gestuur om in die gaskamers vermoor te word. Hulle was as onproduktief beskou omdat hulle nie sou kon werk nie.

Nie een van die mense in **Beeld 3** het die seleksie oorleef nie. Hier wag hulle op hul beurt om te gaan ''stort''.

Die groep is deur soldate na 'n 'n groot kamer, ingerig soos 'n stortbad, geneem. Die gas was vrygestel en almal in hierdie foto is op hierdie manier vermoor.

Diegene wat ‘’veroordee’’ was om te leef, moes slawe-arbeid verrig. Hulle hare was afgeskeer en slegs in Auschwitz was ‘n nommer op hul arms getatoeër. Die verontmenslikingsproses het onmiddellik begin. Hulle was nou na verwys op hul nommers en nie meer op hul name nie.

Mense wat te siek was om te werk, was na die gaskamers gestuur en vermoor. Baie van hulle het van hongersnood gesterf.Al die liggame is in die krematoria verbrand. Omdat seleksies op ‘n gereelde basis plaasgevind het, kon die gevangenes enige tyd gekies word om te sterf. Ten spyte van die haglike omstandighede het die gevangenes gestreef om te lewe.

Hier sien ons ‘n groep vrouens wat gekies was om as slawe-arbeid te dien. Hulle hare was afgeskeer, hulle moes toustaan en wag vir hul instruksies.



CAPE TOWN HOLOCAUST & GENOCIDE CENTRE

Hieronder sien ons die woonkwartiere van die mans in Buchenwald-kamp. Meeste van die gevangenes wat in die konsentrasie-kampe agtergebly het, was uitgehonger en sterwend.Die Geallieërde  magte het op hierdie uiters skokkende toestande afgekom aan die einde van die oorlog.



## VRYSTELLING

Vrystelling begin in 1944, en duur voort totdat Duitsland onvoorwaardelik oorgee op 8 Mei 1945. Teen hierdie tyd is twee-derdes van die Joodse bevolking in Europa, ongeveer 6 mijoen mans, vrouens en kinders, deur die Nazi's vermoor. Wanneer hy besef dat Duitsland die oorlog verloor het, pleeg Hitler selfmoord.

**Na die einde van die oorlog (1948)**:

Met die ontbloting van die gruweldade gepleeg onder die Nazi-regering, besef die internasionale gemeenskap dat die mensdom 'n vasgestelde lys van basiese menseregte nodig het.

**Die Universele Verklaring van Menseregte was deur die meeste lande in die weêreld onderteken. Agt lande het egter geweier om die verklaring te onderteken.**.

Tsjeggo-Slowakye, Pole, Saoedi-Arabië, die Sowjet-unie; Wit-Rusland, Rusland, Oekraïne en Joegoslawië, sowel as Suid-Afrika, het nie die verklaring onderteken nie.

**Dink hoekom Suid-Afrika nie die Universele Verklaring van Menseregte onderteken het** nie. Die redes hiervoor word in die laaste eenheid gedek.

***VRAE***

1. Wat het die Nazi's besluit  om met die Jode te doen met die inwyding van die Sowjet-unie?
2. Wat was die "Einsatzgruppen"?
3. By die Wannsee-konferensie besluit die Nazi's om die moordproses meer effektief uit te voer deur die Jode na die doodskampe te vervoer. Hoekom dink jy het hulle al die moordsentrums in Pole gebou?
4. In hierdie eenheid dek ons die moordsentrums. Hoekom, dink jy, het die Nazi's dit ''uitwissingsentrums'' genoem ? Verskaf 'n rede hoekom ons nie hierdie term gebruik nie.
5. Hoekom dink jy het Suid-Afrika in 1948 geweier om die Universele Verklaring van Menseregte te onderteken?

**ADDISIONELE HULPBRONNE**

Cape Town Holocaust & Genocide Centre:

http://ctholocaust.co.za/

Cape Town Holocaust & Genocide Centre YouTube:
https://www.youtube.com/channel/UCwVBUs5VqvsumuwDdzYIAaQ

Yadvashem.org

https://www.yadvashem.org/holocaust/about/final-solution/auschwitz.html?gclid=Cj0KCQiAlsv_BRDtARIsAHMGVSav5WI7mkoJrscXCphGoTWPLLpU6pqEyLQt9-_Ig6IKpUgYcz0ifSQaAoArEALw_wcB

https://encyclopedia.ushmm.org/content/en/article/killing-centers-an-overview